
# Chronologiese geskiedenis






**1679** - Kommandeur Simon van der Stel vestig Stellenbosch as nedersetting.

**1686** - Die eerste twee kerkraadslede van die gemeente word benoem en in Januarie 1687 deur ds. Overneij van Kaapstad bevestig. Op 19 Oktober 1687 word die Ou Kerkgebou laer af in die straat wat vandag Kerkstraat heet, ingewy - inderdaad die eerste volwaardige kerkgebou in Suid-Afrika.

**1700** - Die eerste voltydse predikant, Hercules van Loon, word bevestig.

**1710** - 'n Brand vernietig die eerste kerk, die Drostdy, en twaalf dorpshuise.

**1719** - Hoeksteenlegging van die Kruiskerk op die huidige perseel, oos van die dorp en bokant die wind en brandgevaar.

**1722** - Die eerste tien grafpersele in die onvoltooide kerk word verkoop. Omtrent 100 grafte is uitgemeet, maar volgens die graflyste is ongeveer 500 mense uiteindelik hier begrawe.

**1723** - Die Kruiskerk word in gebruik geneem.

**1801** - Eerste grafkelder buite die kerk aan die Van der Riet-familie toegeken.

**1807** - 'n Konsistorie word aangebou aan die kerk se oosgewel.

**1814** - Die kerk word vergroot deur die verlenging van die noord-, suid- en wesvleuels en die voorkant (wes) kry 'n klassisistiese gewel.

**1863** - Inwyding van die huidige Neo-Gotiese Toringkerk.

Die argitek vir die verbouings is Carl Otto Hager van Dresden.

# Besondere besienswaardighede

**PREEKSTOEL** - Die eerste preekstoel is in 1721 deur Adam Albertyn gemaak. Timmerman Londt het in 1853 die tweede vervaardig in die Barok-styl (tans in die Rynse Kerk op die Braak). Dit is in 1863 vervang deur die huidige, ontwerp deur die argitek Hager in die Gotiese styl. Laasgenoemde preekstoel is geskenk deur J.D. Beyers.



**ORREL** - Die eerste orrel is in 1801 voltooi. Die tweede is in 1832 geskenk deur die Groote Kerk in Kaapstad, en die derde is in Engeland gebou en in 1863 geïnstalleer. Dit is in 1953 vervang deur die huidige orrel. Die sierlike mahonie-pypkas en frontpype van die ou orrel van 1863 is egter behou.

**KLOKKE** - Die eerste klok het tussen twee los pilare suid van die kerkgebou gehang en is in 1750 in gebruik geneem. In 1865 is drie nuwe klokke uit Duitsland in die nuwe kerktoring gehang. Volgens oorlewering het die gelui van die klokke geklink soos die name van die drie skenkers: ***Jan*** (Beyers), ***Flip*** (Myburgh) en ***Oubaas*** (Beyers). Hoog bo die drie luiklokke het die klein sopraanklok (1899) gehang, waarop die uurwerk se hamer die ure en halfure slaan. Die huidige stel van ses luiklokke is in 1983 uit Duitsland ingevoer.


**GRAFTE** - Tot 1803 is die meeste lidmate binne die kerk begrawe, maar slegs die grafte van vier opeenvolgende leraars is voor die preekstoel sigbaar. Die stamvaders van verskeie Afrikaanse families rus ook hier. In 1807 is 'n steenvloer aangebring. Verdere grafte is daarna buite op die kerkperseel toegeken. Mettertyd het 'n aaneengeslote ry grafkelders teen die agterste en voorste kerkhofmure ontstaan. In 1848 is 'n nuwe kerkhof in gebruik geneem.

**DOOPVONT** - Dié agtkantige, ornamentele silwervont is in 1765 in Amsterdam gemaak, en so ook die Nagmaalserviese van silwer (tans in die Dorpsmuseum). Die skenker was Heemraad Martin Melck, 'n Lutheraan.

**RINGMUUR** - Dit dateer uit 1735 en is die oudste onveranderde bouwerk op die terrein, hoofsaaklik van klip gebou.

**DAKKONSTRUKSIE** - In die middeskip skiet die saaldak die hoogtes in - 'n tipiese kenmerk van driebeukige Gotiese kerke.







# Moedergemeente Stellenbosch

**Gestig 1686**

# Simboliek van die kleurglasvensters

**Die vensters** is gemaak volgens 'n Franse metode van gekleurde glas in beton, 'n uitvloeisel van die nuwere boutegniek van gewapende beton, maar met sukses gebruik in ouer geboue soos die St. George-katedraal in Kaapstad.

**Die kunstenaar** is Leo Theron. Hy word beskou as 'n baanbreker en die grootste en mees ervare eksponent van en kenner op dié gebied in Suid-Afrika. Hy is geadviseer deur ds. T.J. de Clercq.

*(Lees volgens die nommers)*




1. **Sending en Uitstuur**
*Heelbo:* Die Hand wat na onder wys: Die wil van God en sy bevel om die Evangelie uit te dra, om Getuie te wees, selfs tot die dood toe. "Gee julleself aan God as lewende offers wat vir Hom aanneemlik is." (Rom. 12:1)
*Links bo:* Wees soos 'n stad op die berg. "Julle is die Lig vir die Wêreld." (Matt. 5:14) (Die figuur wat loop met die Lantern)
*Regs bo*: "Kom hier! Kom saam met My en ek sal julle Vissers van mense maak." (Mark. 1:17)
*Links onder:* Figuur met palmtak wat die Boodskap van Vrede verkondig.
*Regs onder:* Figuur met Staf en Kruik: Verkondig die Evangelie tot in die uithoeke van die Wêreld. "Julle sal my Getuies wees..." (Hand. 1:8)

2. **"Ek is die Alfa en die Omega."** (Op. 1:8) Die Here Jesus is die Begin en die Voleinding. Hy sluit Sy kerk in van voor en van agter. (Geskrif boaan in Grieks = *Ek is*)

3. **"Ek is die Opstanding en die Lewe."** (Joh. 11:25) Die dood is nie 'n finale punt agter die mens se lewe nie. Jesus is daarvan die bewys. Die dood is hoogstens 'n ontslaping tot 'n nuwe, heerlike bestaan in God se teenwoordigheid wat die Bybel *hemel* noem!

## Die vergrotings van die Kerk




4. **Oplegging van hande, voetewas en salf**
*Heelbo:* Christus monogram (Chrismon). Grieks XP=CH
*Middel:* Voetewas en salwing (Joh. 13:5)
*Onder links en regs:* Genesing van verlamde man in Tempelpoort deur hande-oplegging (Hand. 3:6-8).

5. **"Ek is die goeie herder."** (Joh. 10:11)

6. **Die tema van Hoop** kom voor in die sentrale figuur met die lantern. Die lantern is simbolies van die lig van die Evangelie wat in die duisternis van Afrika aangesteek word. Heel regs sien ons 'n kruis wat dui op die eerste Portugese ontdekkingsreisigers wat kruise langs die kus van Afrika geplant het. Links van die kruis is die anker, simbool van hoop, met die skip wat verwys na die eerste volksplanting (Heb. 6:19). Die blou agtergrond simboliseer God se heerlike alomteenwoordigheid, ook in Afrika. Die palmboom word sedert 1686 as amptelike seël van die gemeente gebruik (Ps. 92:13-15).

7. **Die lam** is die embleem van God se Koninkryk (vergelyk wêreldmoondhede se Arend, Leeu of Beer). Die Lam is 'n weerlose dier en tog die oorwinnende (offer-) Lam (Op. 7:9).

**Die Basuin** kondig die wederkoms en volmaakte voleinding aan (Matt. 24:31 en Op. 8:2).

**Die Troon en Kroon van God** dui aan dat God regeer en vandag nog in beheer van die wêreld is. Dit gee hoop (Op. 4:2-6). Vanuit die troon skyn Sy heerlikheid soos dié van 'n reënboog en kristallesee.

8. **Die Nagmaal**, uitgebeeld met 'n goue beker met drie kruise op die agtergrond, in die donker lydenskleure (1 Kor. 11:25-26).



9. **Die Son** van Geregtigheid wat bo en oor alles skyn. Die strale het geen begin of einde nie. Soos die son, bring dit lig, lewe en geregtigheid (Mal. 4:2).

10. **Die Doop**, uitgebeeld met 'n neerdalende duif (Heilige Gees) boaan en die water (reinheid en afwassing van sondes) daaronder (Matt. 3:16-17).

11. **Die Brug** met die boonste sluitsteen simboliseer Christus wat sy kerk in stand hou. As die sluitsteen verwyder word, stort alles in duie (Ps. 118:22).

**Die Tweesnydende Swaard** dui op die waarheid in Gods Woord wat alles oopvlek. Niks is vir God verborge nie. God is genadig, maar Hy eis tog ook rekenskap (Hebr. 4:12).

**Die sewe sterre (en Lamp)** in die Here Jesus se regterhand (Op. 1:20 en 21), is die leraars van die sewe gemeentes in sy mag. Dieselfde geld vir die sewe kandelare, die gemeentes. Sewe is die getal van God, dit wil sê almal wat daar moet wees, is daar.

**Die sewe kandelare** wat brand, dui op die kosbaarheid van die Kerk vir Christus, sodat Hy dit sal bewaar en altyd brandend sal hou.

12. **Die tema van God se voorsienende Liefde** word uitgebeeld met die kleure van die somerson. Let op die natuurtoneel met landbou-instrumente (graaf en vurk) en someroeste (vrugte, graan en wyn), asook die vrou met die lelies van die veld. Dit is die voorsienende God se onbetaalbare gawes aan die mens. Waarom sou die mens hom dan bekommer? (Matt. 6:25-33)

13. **"Ek is die weg en die waarheid en die lewe."** (Joh. 14:6)



14. **Bewaring van die natuur en omgewing**
"U laat die mens heers oor die werke van U hande." (Ps. 8:7-9). Daar word uitgebeeld: diere, voëls, plante, bome en veral water wat aansluit by die gemeente leuse: *'n Rivier van Lewende Water*.

15. **"Ek is die Brood van die Lewe."** (Joh. 6:35) Die mens mag hom losruk uit die geestelike hongersnood en na Jesus kom!

16. **"Ek is die ware Wynstok."** (Joh. 15:1) Slegs in die Here, soos die loot in die wynstok geënt is, is daar vrug op jou lewe!

17. **Voleinding en Hemelvaart**
*Heelbo:* Die Hand wat na Bo wys: Die voleinding.
*Links bo:* Die figuur simboliseer die Hemelvaart (Luk. 24:51).
*Regs bo:* Die nuwe Jerusalem (Op. 21:1)
*Onder links en regs:* Die getuies van die Hemelvaart "Hulle het hom aanbid en met groot blydskap na Jerusalem teruggegaan. Daar het hulle die hele tyd by die tempel gebly en God geprys." (Luk. 24:52, 53).